Stettynskloof Waterval – 11 Maart 2017

'n Paar van ons het die versteekte waterval in die Stettynskloof berge gaan soek. 9uur het ons weggespring en soos ons gevorder het, het die omgewing ons keer op keer verras. Die warm somersdag het ons die geleentheid gebied om letterlik by elke poel te swem, en ons was maar te gewillig om nie een verby te loop nie. Na 'n ligte middagete, keer ons terug en spandeer die dag verder by Dwarsberg se kampterrein. Dit neem ongeveer 1 uur tot by die waterval en 1 uur terug.
Jaco Putter